

23 MAART

SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 29:1-14
FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 29:7-12

Bid vir 'n heidense stad!

Bevorder die belange van die stad Babel en bid vir die stad! Dit is die opdrag wat die Here deur die profeet Jeremia aan die ballinge uit Juda gee. Hierdie opdrag staan in direkte teenstelling tot die hoop op 'n spoedige terugkeer na Jerusalem wat deur vals profete aan die ballinge gegee is.

Jeremia praat in opdrag van die Here. Hy sê dat hulle eers oor sewentig jaar sal terugkeer. Daarom moet hulle vir hulle huise bou en tuine aanlê. Die belange van Babel gaan vir die volgende twee geslagte hulle belange wees.

Baie van ons voel waarskynlik deesdae soos ballinge in ons eie land. Ons voel nie meer tuis nie. Baie het reeds die land verlaat. Dikwels hoor jy 'n opmerking soos: "Ek sien nie meer 'n toekoms hier nie." Kan jy te midde van diskriminasie en misdaad nog hier woon en 'n toekoms bou?

Die kern van die saak is: Die Here het ons vir 'n paar eeue lank al hier onderhou. Die opdrag wat ons van ons Koning Jesus Christus ontvang, is om sout en lig te wees – hier waar ons lewe! Ons moet ons onmiddellike omgewing verander. 'n Land word in sy gelowiges geseën. Ons moet hier waar ons woon en werk die Here se seën bring. Bid vir die land, want sy belange is ook ons belange.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3

Ds Danie de Kock (Krokodilrivier)